



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 15 NOVEMBER 2023 OM 15:20

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdh T van Essen
Rdl N Smit

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Senior Bestuurder: Departement Vaste Afval en Handelsdienste, mnr E de Jager
Senior Bestuurder: Departement Elektriese Beplanning en Ontwerp, mnr M J Swanepoel
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom almal teenwoordig en versoek die Uitvoerende Onderburgemeester om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

BESLUIT dat kennis geneem word van die verskoning ontvang vanaf rdl A K Warnick.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 OKTOBER 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 Oktober 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

6. MAANDVERSLAG: SEPTEMBER 2023

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 1 was ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 26 Oktober 2023 aan die Raad voorgelê was, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die Senior Bestuurder: Departement Vaste Afval en Handelsdienste behandel enkele aspekte uit die maandverslag en bevestig dat die lugspasie by die Highlands Stortingsterrein doeltreffend bestuur word en dat daar steeds by die Direkoraat se doelwitte gehou word om water te bespaar, al is die damvlakke gunstig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maadverslag van die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van September 2023.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die Senior Bestuurder: Departement Elektriese Beplanning en Ontwerp noem, op navraag deur rdh T van Essen, dat daar aansoek gedoen is vir 'n verhoging van maksimum aanvraag aan Darling, Yzerfontein en Klipfontein.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maadverslag van die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van September 2023.

6.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat die doelwit bereik gaan word om al drie behuisingskomitees teen Desember 2023 te verkies vir die nuwe behuisingsprojekte in Malmesbury, Darling en Moorreesburg.

Bykans al die titelakties vir die De Hoop-projek is oorgedra, en is daar nog drie uitstaande.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem verder dat daar op 8 Desember 2023 begin sal word met die *courageous*-gesprekvoeringe tussen GBV-ambassadeurs en die gemeenskappe om gesprekvoeringe oor GBV-kwessies aan te moedig.

'n Verdere hoogtepunt is die opleiding van 207 persone as deel van die *parent coaching*-program om die dissipline in huishoudings te herstel.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maadverslag van die Direkoraat: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van September 2023.

6.4 BESKERMINGSDIENSTE

6.4.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE

6.4.2 BRANDWEERDIENSTE

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die wetstoepassers 'n veldtog voor Guy Fawkes geloods het om by alle huiswinkels om te gaan om onwettige vuurwerke te konfiskeer. Die sukses van die veldtog kan daaraan gemeet word dat daar baie min vuurwerke afgevuur is in vergelyking met vorige jare.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat daar baie huiswinkels is wat produkte verkoop waarvan die vervaldatum verstreke is. Daar sal 'n program opgestel word om spesiale veldtog te loods om ook hierdie produkte te konfiskeer.

6.4/...

Die Uitvoerende Burgemeester doen 'n beroep op die Direkteur: Beskermingsdienste om die verkeer- en wetstoepassingbeamptes aan te moedig om enige ander munisipale diensleweringkwessies aan te meld wat gedurende patrollies opgemerk word.

Die Munisipale Bestuurder noem dat indien Swartland Munisipaliteit 'n "smart city" wil

word, daar meer van tegnologie gebruik gemaak sal moet word, bv. die Citizen Appl Lg. sal deur verkeer- en wetstoepassingbeamptes en alle ander personeel gebruik kan word om dienslewingskwessies aan te meld. Die Munisipale Bestuurder noem egter dat daar eers 'n gevestigde "back office" moet wees om die stelsel doeltreffend te implementeer.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat daar gekyk moet word na die skep van 'n laaisone-parkering voor die finansiële kantore in Hillstraat, aangesien dit gereeld gebeur dat amptenare daar stop om persone/dokumente op en af te laai.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maadverslag van die Direkoraat: Beskermingsdienste ten opsigte van September 2023.

7. NUWE SAKE

7.1 BEGROTINGBEHEERKOMITEE: 2023/2024 SPESIALE AANSUIWERING-BEDRYFSBEGROTING, TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4_23/24)

Die Direkteur: Finansiële Dienste gee agtergrond tot die befondsing wat in die begroting opgeneem moet word by wyse van 'n Spesiale Aansuiweringbedryfsbegroting, naamlik

- R500 000 as nooduitgawe vir die brandramp in Malmesbury op 8 Oktober 2023 waar 54 volwassenes en 29 kinders dakloos gelaat is;
- R680 000 as Munisipale Elektrisiteitsbeplanningstoelae om studie insake koste van voorsiening van elektrisiteit uit te voer.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 30 November 2023)

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motiverings van die finansiële en betrokke direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- Dat die nooduitgawes ten bedrae van R500 000 deur die Uitvoerende Burgemeester as onvoorsien en onvermydelik in beginsel goedgekeur word, soos aangewend volgens die besonderhede in **Aanhangsel A**;
- Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak bedryfsbegroting vir 2023/2024 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

	Oorspronklike Begroting 2023/24	Oorrol Aansuiwerings begroting 2023/24	Spesiale Aansuiwerings begroting 2023/24	Oorspronklike Begroting 2024/25	Oorspronklike Begroting 2025/26
Kapitaalbegroting	209 052 395	240 803 827	240 803 827	218 968 545	208 303 329
Bedryfsuitgawes	1 071 330 062	1 072 205 062	1 073 385 062	1 174 132 994	1 371 930 505
Bedryfsinkomste	1 192 485 181	1 221 543 458	1 222 223 458	1 311 049 716	1 489 696 468
Begrote (Surplus)/ Tekort	(121 155 119)	(149 338 396)	(148 838 396)	(136 916 722)	(117 765 963)
Minus: Kapitaal Toekennings en Donasies	107 386 943	135 980 220	135 980 220	115 594 000	91 660 000
(Surplus)/ Tekort	(13 768 176)	(13 358 176)	(12 858 176)	(21 322 722)	(26 105 963)

7.1/...

- Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2023/2024 finansiële jaar of verder nie, terwyl die begrote netto surplus van R13 358 176 verander na R12 858 176;

- (e) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure B: Budget Report and A-Schedules 2023/24 – 2025/26)** uiteengesit;
- (f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (g) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoreenkomstig gewysig word.

7.2 WYKSKOMITEE: TOEKENNINGSBELEID (3/4/4/B)

Die implementering van die Wykskomitee Toekenningsbeleid sal toesien dat die jaarlikse wyksgelde, wat deur elke wyk ontvang word, op 'n geordende wyse toegeken en spandeer word. Die doelstellings van die beleid is om –

- (1) Aan die mandaat van Plaaslike Regering te voldoen;
- (2) Aan raadsbeleide te voldoen;
- (3) Die doelwitte van die GOP te ondersteun;
- (4) Te verseker dat die geïdentifiseerde projekte tot voordeel van die gemeenskap sal wees.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die konsep Wykskomitee Toekenningsbeleid en dat voormelde konsep aan Wyksraadslede gesirkuleer word om kommentaar en insette te lewer;
- (b) Dat die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en senior personeel eweneens versoek word om kommentaar te lewer;
- (c) Dat, afhangende van die omvang van die kommentaar, die finale Wykskomitee Toekenningsbeleid die tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee-vergadering van 13 Desember 2023 ter tafel gelê word, alternatiewelik vroeg in 2024, vir implementering met ingang van 1 Julie 2024;
- (d) Dat, met die oog op die 2024/2025 finansiële jaar, daar per dorp of streek oorweeg word om op 'n spesifieke tema te fokus, bv. veiligheid soos vervat in paragrawe 6.1 en 6.2 van die konsep beleid.

7.3 OOREENKOMS VIR DIE GEBRUIK EN BEDRYF VAN DIE YZERFONTEIN-HAWE: NASIONALE DEPARTEMENT VAN PUBLIEKE WERKE EN INFRASTRUKTUUR (17/10/12)

Amptenare van die Nasionale Departement van Publieke Werke en Infrastruktuur was na afloop van 'n besoek aan Yzerfontein-hawe getaak om 'n ooreenkoms tussen vermelde departement en Swartland Munisipaliteit op te stel om lg. in staat te stel om die gebruik en bedryf van die Yzerfontein-hawe te reguleer.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste gee agtergrond tot die onderskeie stukke grond in die Yzerfontein-hawe wat in die ooreenkoms ter sprake is.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die ooreenkoms die Munisipaliteit sal in staat stel om bv. die hou van feeste in die hawe te oorweeg sonder enige vertragings wat veroorsaak kan word om eers die insette vanaf die betrokke departement te bekom.

Besluit/...

7.3/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die voorgestelde Memorandum van Ooreenkoms tussen die Nasionale Departement van Publieke Werke en Infrastruktuur deur die Munisipaliteit aangegaan word, met effek vanaf 1 Desember 2023 vir 'n periode van 9 jaar en

11 maande, rakende die gebruik en bedryf van die Yzerfontein-hawe (onderhewig aan enige veranderinge/verbeterings wat die komitee mag nodig ag);

- (b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om die Ooreenkoms namens die Munisipaliteit te mag onderteken.

7.4 SWARTLAND SPORT EN REKREASIE RAAD: GOEDKEURING VAN GRONDWET (17/9/2/2/4/1)

Die doelstelling van die nuut gestigte Swartland Sport en Rekreasie Raad (SSRR) is om hom, onder andere, te beywer vir die daarstel en bestuur van gemeenskapsportfasiliteite in die Swartland munisipale gebied en die koördinerende van sportontwikkeling in gemeenskapsbelang.

Die SSRR word saamgestel uit verteenwoordigers van die sportforums wat vir die verskillende dorpe in die munisipale gebied aangewys is.

Die konsep Grondwet van die SSRR is met die sakelys gesirkuleer vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die aangehegte Grondwet van die Swartland Sport en Rekreasie Raad (SSRR) goedgekeur word vir aanvaarding en implementering deur die SSRR, onderhewig aan die volgende wysigings:
- (i) Paragraaf 3.2: Geen ex gratia betalings aan UR lede betaalbaar sal wees nie, en die betrokke sin gevolglik geskrap word;
 - (ii) Paragraaf 10(5): Die verpligtinge van die Tesourier aangepas word om geouditeerde finansiële state by die Algemene Jaarvergadering voor te lê;
 - (iii) Die bepaling in paragraaf 11.2 sodanig omskryf word dat die President, Tesourier en Sekretaris gesamentlik, en nie afsonderlik nie, tekenmagte sal hê om banktransaksies namens die SSRR te behartig;
 - (iv) Paragraaf 18(c): verwysing na 'finansiële state' gewysig te word na 'geouditeerde finansiële state'.
- (b) Dat die SSRR opdrag gegee word om die inhoud van die Grondwet met al sy lede te werkwinkel, sodra gefinaliseer;
- (c) Dat 'n ontmoeting gereël word om die vereistes van die Hulptoekenningsbeleid aan die Uitvoerende Raad van die SSRR te verduidelik.

7.5 RIEBEEK KASTEEL: 'THE OU KLOOF HERITAGE LEGACY' (17/13/3)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het in September 2022 sy steun aan "The Ou Kloof Heritage Legacy"-projek verleen onderhewig aan die voltooiing van 'n publieke deelnameproses en voldoening aan die betrokke wetgewing.

Daar is 'n kompetisie deur "The Ou Kloof Heritage Legacy" geloods vir die ontwerp van 'n gedenkteken en is die wenner in September 2023 aangekondig.

Die volgende stap is om uitvoering te gee aan Erfenis-Weskaap se bepalings vir die oprigting van gedenktekens en om goedkeuring vanaf die Munisipaliteit te bekom om die gedenkteken op die Riebeeck Kasteel Dorpsplein op te rig, met in ag neming van die Terreinontwikkelingsplan (Opsie 3) wat reeds deur Wes-Kaapse Erfenis goedgekeur is.

7.5/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die vordering wat tot dusver gemaak is rakende *The Oukloof Heritage Legacy* projek, en die voorgenome gedenkteken wat op die Riebeeck Kasteel Dorpsplein opgerig staan te word, lg. synde onderhewig aan finale goedkeuring deur die Munisipaliteit;

- (b) Dat 'n ontmoeting met die projekkomitee by 'n ander vergadering in Riebeeek Kasteel, by die Riebeeek Vallei Museum, gereël word.

7.6 AANVAARDING VAN WATERDIENSTE OUDITVERSLAG VIR 2022/2023 (16/1/1/B)

Die Munisipaliteit – as 'n Waterdienste Owerheid – is ingevolge die bepalings van die Wet op Waterdienste, Wet 108 van 1997 verplig om jaarliks 'n ouditverslag op te stel aangaande die implementering van die Waterdienste Ontwikkelingsplan.

Die Senior Bestuurder: Departement Vaste Afval en Handelsdienste hou enkele hoogtepunte uit die ouditverslag voor en noem dat die Munisipaliteit daarin slaag om waterverliese te beperk en 'n bo-gemiddelde standaard te handhaaf in die bedryf van meeste van die rioolsuiweringswerke.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die 2022/2023 Waterdienste Ouditverslag aanvaar word;
- (b) Dat 'n elektroniese weergawe van die 2022/2023 Waterdienste Ouditverslag op die munisipale webtuiste ter insae van die publiek en ander belangegroepes geplaas word en dat 'n hardekopie van die verslag beskikbaar sal wees by die Kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste.

7.7 VERHUUR VAN RAADSEIENDOM TE MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)

Die Raad verhuur die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg sedert 1 Desember 2022 aan me J Eden, eienaar van 'n aangrensende eiendom.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die eiendom nie as 'n afsonderlike entiteit verhuur kan word nie, weens die feit dat die eiendom nie toeganklik is, anders as vanuit die eiendom van die huurder nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die buitegeboue op Erf 3432, Moorreesburg vir 'n termyn van 12 maande met ingang van 1 Desember 2023 aan me J Eden verhuur word vir doeleindes van 'n stookkamer;
- (b) Dat die huurgeld na R340.00 plus BTW per maand verhoog word;
- (c) Dat die bestaande huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.8 OOREENKOMS VIR DIE HUUR VAN KANTOORAKKOMMODASIE EN PARKERING TE MALMESBURY (12/1/2-8/5, K1.2-Vol 1&3)

Die behoefte bestaan steeds om kantoorakkommodasie en parkering te huur vanaf SKH Investments Limited vir 'n volgende termyn van drie jaar.

Die huurvoorwaardes bepaal dat die huurder nie minder nie as ses maande voor die verstryking van die huurtermyn skriftelik in kennis gestel moet word insake die hernuwing van die huur, al dan nie – die bestaande huurtermyn verstryk op 30 Junie 2024.

Besluit/...

7.8/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die huur van die onderstaande kantoorakkommodasie en parkering vir die termyne soos aangetoon, met ingang vanaf 1 Julie 2024, ten bedrae (BTW uitgesluit) per maand, soos volg:

Pep-gebou, Malmesbury	Parkering (7 ruimtes)	Totaal/ maand
----------------------------------	----------------------------------	--------------------------

Jaar 1 (01/07/2024 - 30/06/2025)	R67 649.00	R3 340.04	R70 989.04
Jaar 2 (01/07/2025 - 30/06/2026)	R71 031.45	R3 507.04	R74 538.49
Jaar 3 (01/07/2026 - 30/06/2027)	R74 583.02	R3 682.39	R78 265.41

- (b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om die addendum tot die huurooreenkoms met SKH Beleggings Bpk te onderteken, welke addendum vir beide die kantoorakkommodasie en parkering voorsiening maak;
- (c) Dat daar in die toepaslike bedryfsposte voorsiening gemaak sal word vir die huurgeld betaalbaar soos voormeld, asook vir die verpligtinge in terme van klousule 6.2 van die ooreenkomste, welke bydrae tot eiendomsbelasting tans die bedrag van R3 527.60 per maand behoort.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: OKTOBER 2023 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Oktober 2023.

7.10 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Oktober 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: AANSTEL VAN DIENSVERSKAFFER VIR DIE VOORSIEN, AFLEWERING EN INSTALLERING VAN DRIE (3) WENDY-HUISE EN TOILETTE VIR DIE GEAFFEKTEERDE INWONERS VA DIE BRANDRAMP IN MALMESBURY (8/1/B/2)

Die nagevolge van die brandramp op 8 Oktober 2023 is dat daar 54 volwassenes en 29 kinders dakloos gelaat is.

'n Aansoek om bystand van die Provinsiale Departement van Infrastruktuur is gedoen in die vorm van die voorsiening van 20 *emergency fire kits* en vier (4) tydelike Wendy-huise. Die aansoek sal egter 'n geruime tyd neem om af te handel en is voormelde voorrade aangevra om spoedig moontlik hulp te verleen aan die betrokke families.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsiening-kanaalbestuurbeleid;

7.11/...

- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksies van die Munisipale Bestuurder, voortspuitend uit 'n noodsituasie, om –
- (i) die kwotasie van M & E Roofing (nie geregistreer vir BTW) te aanvaar ten bedrae van R57 024.00 vir die voorsien, aflewering en installering van drie (3) wendy-huise;
 - (ii) die kwotasie van Cape Concrete (Pty) Ltd ten bedrae van R30 571.83 (BTW ingesluit) te aanvaar vir die voorsien en aflewering van drie voorafvervaardigde toilette; en
 - (iii) dat die wendy-huise en toilette geïnstalleer word by:

- Arendstraat 165, Malmesbury
 - Arendstraat 167, Malmesbury
 - Arendstraat 177, Malmesbury;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
- (i) Hulpverlening aan die geaffekteerde huishoudings is in lyn met paragraaf 3.9 van die Beleid insake die Ondersteuning aan Kleiner Rampe wat afwykings van die voorgeskrewe prosedures deur die Munisipale Bestuurder en Uitvoerende Burgemeester toelaat;
 - (ii) Die ondersteuning/hulpverlening aan die kwesbare families is as 'n absolute noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R57 024.00 en R30 571.83 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/231-843-416 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: VOORSIEN, AFLEWERING EN DIENS VAN CHEMIESE TOILETTE IN PHOLA PARK (8/1/B/2)

Swartland Munisipaliteit voorsien chemiese toilette in Phola Park 4 aan 18 families wat begunstigdes is van die nuwe laekoste-behuisingsprojek wat in November 2023 'n aanvang neem.

Die bestaande kontrak vir die voorsiening en diens van chemiese toilette verstryk op 31 Oktober 2023. Ten einde basiese dienste aan die betrokke families te voorsien, is die bestaande kontrakteur versoek om die diens tot 31 Maart 2024 te voorsien.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die voorsien, aflewering en diens van chemiese toilette by Phola Park Fase 4;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
- (i) Basiese dienste aan die betrokke gemeenskap sou vir 'n geruimte tyd nie beskikbaar gewees het, indien die normale proses gevolg is nie;
 - (ii) Die verkryging van voormelde dienste is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R67 391.40 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-543-2943 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

7.12/...

- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN MOTOR VAN DIE AIR SCOUR BLOWER BY MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die Malmesbury WWTW maak gebruik van membraantegnologie en is die *air scour blower* in belangrike komponent in die behandelingsproses.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsiening-kanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van een van die motors van die Airzen Blower-eenheid by die Malmesbury WWTW deur VWE Installasies Bpk;
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Indien die Airzen Blower-eenheid vir 'n geruime tyd buitewerking is, sal dit veroorsaak dat die behandelingsproses faal, dat sub-standaard uitvloeisel gelewer word en dat daar skade aan die meganiese komponente van die stelsel kan voorkom;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R117 893.50 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-57-1041 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 WYSIGING/TOEVOEGING: SWARTLAND MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING (PK 8226 VAN 25 MAART 2020) (1/1)

BESLUIT dat die verslag onttrek word.

7.15 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder moet by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aansoek doen om verlof en word derhalwe -

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae in beginsel goedgekeur word, naamlik:
 - 18 Desember 2023 tot 5 Januarie 2024 (12 dae), met inbegrip daarvan dat dit weens omstandighede mag verander, na oorlegpleging met die Uitvoerende Burgemeester.
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder.
- (c) Dat elke Direkteur, die waarnemende Direkteure in hulle onderskeie departement sal aanwys, ten einde goeie kommunikasie en dienslewering te verseker.

7.16 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (5/14/3/5)

Die Batebestuursbeleid reguleer die beskikking van bates deur te verseker dat dit regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief geskied en dat daar voldoen word aan die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Munisipaliteit.

Die kriteria vir wegdoening van bates behels die volgende:

- Die bruikbare leeftyd van die bate het verstryk;
- Die bate is verouderd;
- Dit is onekonomies om die bate te herstel of dit is onherstelbaar.

Die lysie van uitgediende bates van die onderskeie direktorate is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat goedkeuring verleen word dat die uitgediende bates, soos gelys, tydens die openbare veiling verkoop word en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**